

Jesaja 1:21-2:5

In God se hofsaak is skuld in jou deel
en verdien jy straf as God oordeel.
As vrygekoopte word jy geroep om terug te keer
en te leef in die lig van die HEER,
sodat alle nasies ook stroom na die HEER,
om in Sy huis van Sy paaie te kan leer.

Santie het Jesaja 1:21-2:5 vir ons so uitgebeeld:



Ek het hierdie gedeelte in Jesaja behandel in 'n video – luister gerus daarna op <https://totueer.blog/video/bundel-k-jesaja-dag-2/>

Jesaja is in die oorspronklike taal in digvorm, so op die volgende bladyse het ek dit berym sodat jy ietsie kan ervaar van hoe die oorspronklike lesers dit ervaar het.

DAG 2: Vrygekoopte, keer terug en leef só dat die nasies na die HERE se huis toe wil stroom (Jes 1:21-2:5)

Beryming:

Helaas, eens die getroue stad,
nou as 'n prostituut geklad!
Sy was gevul met die reg in haar
maar nou net met moordenaar.
(Jes 1:21)

Jou silwer het metaalskuim in,
jou koringbier is met water verdun.
Jou hoë amptenare is in opstand teen My
en word in diewe se span gekry.

Hulle is lief om omkoopgeld te vra
en jaag belonings na.
Vaderloses se reg sal hulle nie na omsien,
en weduwees se regsake nie voor hulle dien.
(Jes 1:22-23)

Daarom moet jule die uitspraak leer
van die HERE, die Heer,
Heerser oor alle magte,
God van Israel, die Magtige:

Wee hulle!

Ek gaan oor teenstanders voldoening ervaar.
Ek gaan My op my vyande wreek daar.
Ek sal My hand teen jou draai,
jou onsuiverhede uit jou uit braai!
(Jes 1:24-25)

Ek sal jou regters tot inkeer bring
soos dit voorheen was,
en ook jou raadgewers daartoe dring
soos dit aan die begin was.

Daarna sal hulle jou nuwe naam besing:
Stad van Geregtheid, Getroue Vesting.
Ja, die van haar wat terugkeer, so gedoop
en net deur reg en geregtheid vrygekoop.
(Jes 1:26-27)

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

*21 Helaas, sy het 'n prostituut geword,
die getroue stad!*

*Sy was gevul met die reg;
geregtheid het in haar oornag,
maar nou net moordenaars.*

*22 Jou silwer het metaalskuim geword,
jou koringbier is met water verdun.*

*23 Jou hoë amptenare is koppig
en span met diewe saam.*

*Hulle almal is lief vir omkoopgeld
en jaag belonings na.
Vaderloses se reg handhaaf hulle nie,
en weduwees se regsake dien nie voor hulle nie.*

*24 Daarom is dit die uitspraak
van die HERE, die Heer,
Heerser oor alle magte,
die Magtige van Israel:*

“Wee hulle!

*Ek gaan voldoening ervaar oor my
teenstanders;
Ek gaan My wreek op my vyande.
25 Ek sal my hand teen jou draai,
jou metaalskuim uitsmelt soos met potas,
al jou onsuiverhede verwyder.*

*26 Ek sal jou regters tot inkeer bring
soos dit voorheen was,
en ook jou raadgewers
soos dit aan die begin was.*

*Daarna sal jy genoem word:
Stad van Geregtheid, Getroue Vesting.”
27 Sion sal net deur reg vrygekoop word,
en dié van haar wat terugkeer, deur
geregtheid.*

Beryming:

Verplettering vir oortreder en sondaar;
Wie die Here verlaat sal omkom daar.
Julle sal in beskaamdheid verkeer,
oor die bome wat julle so begeer.

Julle sal verleë moet kom staan
dat tuine is waaroor julle passie gaan.

(Jes 1:28-29)

Julle sal wees soos 'n boom wat verwelk
'n tuin wat nie water kry vir sy kelk.

Die sterker soos 'n vlasvesel-land,
waarvan sy dade soos 'n vonk is.

Beide sal dan saam verbrand,
terwyl niemand dit kan blus.

(Jes 1:30-31)

Die Bybelteks uit die 2020 vertaling:

*8 Sowel oortreders as sondaars
sal verpletter word;*

wie die Here verlaat, sal omkom.

*29 Ja, hulle sal beskaamd staan
oor die terebintbome wat julle so begeer.*

*Julle sal verleë wees oor die tuine
waaroor julle so gaande is.*

*30 Ja, julle sal wees soos 'n terebintboom
waarvan die blare verwelk,*

soos 'n tuin wat geen water kry nie.

*31 Die sterker sal vlasvesels word,
en sy dade 'n vonk.*

Beide sal saam verbrand,

terwyl niemand dit kan blus nie.

*1 Die woord wat aan Jesaja, seun van Amos, geopenbaar is
in verband met Juda en Jerusalem. (Jes 2:1)*

In die laaste dae
sal die berg waar die HERE woon
"die hoogste" as naam drae;
hy sal bo die heuwels uittroon. (Jes 2:2)

Al die nasies sal daarheen stroom;
baie volke sal sê dis waarvan ons droom:
"Kom laat ons optrek na die berg van die Heer
na die God van Jakob se huis
sodat Hy ons van sy paaie kan leer
en dat ons die weë kan volg wat Hy wys."

(Jes 2:3)

Ja, uit Sion sal daar onderrig kom,
uit Jerusalem, die Woord gepreek
Tussen die nasies sal Hy regsprek
Vir talryke volke, die reg van Hom.

Hulle sal van swaarde ploegskare smee
en spiese bring snoeimesse mee.
Nasies se se swaard sal mekaar nie raak;
hulle sal nie meer leer om oorlog te maak.

(Jes 2:3-4)

Huis van Jakob, kom,
laat ons leef in die lig van Hom. (Jes 2:5)

*2 In die laaste dae sal die
berg van die HERE se huis stewig staan
as die hoogste van die berge;
hy sal bo die heuwels uittroon.*

*Al die nasies sal daarheen stroom;
3 baie volke sal gaan en sê:*

*"Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE,
na die huis van die God van Jakob,
sodat Hy ons van sy paaie kan leer,
en ons sy weë kan volg."*

*Ja, uit Sion sal daar onderrig kom,
en die woord van die HERE uit Jerusalem.*

*4 Hy sal regsprek tussen die nasies,
die reg handhaaf vir talryke volke.*

*Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee,
en van hulle spiese snoeimesse.*

*Nasies sal nie meer die swaard teen mekaar
opneem nie;*

hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.

*5 Huis van Jakob, kom,
laat ons leef in die lig van die HERE.*